

**WOENSDAG 25 DES 2002**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**KERSFEES**

**LITURGIE**

<b><u>WIE</u></b>	<b><u>WAT</u></b>	<b><u>DETAIL</u></b>	<b><u>BORD/MUSIEK</u></b>
Hannes	Lof-en-aanbidding	Oom Sakkie Sluit met Stille nag (staande)	
Liturg	Verwelkoming		
Christo	Musiek	“Maria, nooi van Nasaret” (Philip & Ella Kotze)	CD=snit 10 Bord = “Maria”
Oom Jannie	Gebed		
Liturg	Voorlesing	“Watter soort God kies om in ‘n stal gebore te word; ‘n stal in een van die heel kleinste dorpie in die antieke wêreld? Watter soort God kies ‘n meisie uit die werkersklas as sy ma en ‘n onbekende ambagsman as sy pa. Watter soort God kies ‘n krip as sy eerste rusplek en plaasdiere as sy eerste geselskap.” (Bruce Marciano p8)	teks1
Hannes	Lof en aanbidding	LB355:1-2 “Al was ek nie daar nie” LB215:1-5 “Besing die lof van Jesus saam” LB353:1-3 “Die Heiland is gebore” (of HL35)	LB355:1-2 LB215:1-5 LB353 of HL35
Liturg	Voorlesing	“Einde ten laaste kry Josef ‘n stal, moontlik ‘n grot. Kan jy jou sy skaamte voorstel terwyl hy in sy vrou se oë kyk en sien hoe sy in pyn en ongemak tussen die strooi en grond lê, die reuk van vee in die lug. En skielik is dit nie meer net sy nie, maar ook hierdie baba. Hierdie babaseuntjie wat hy “die Here verlos” moet noem. Jesus, want “Hy sal Sy volk van hulle sondes verlos.” Gebore in ‘n stal, ‘n plek waar diere gebore word. ‘N Twyfelagtige plek vir die Een wat oor die nageslag van Jakob sal heers. Neer gelê in ‘n krip waaruit diere eet. ‘N Twyfelagtige troon vir die Een wat Seun van die Allerhoogste genoem word, aan Wie se koningskap daar geen einde is nie. ‘N Twyfelagtige troon vir God-by-ons. Hoekom? Vir my en vir jou...”	teks2
Elsabè	Duet	“Met middernag”	duet1
Hannes	Lied	LB358:1-2 “Somerkersfees”	LB358:1-2
Liturg	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Joh 1	Skrif
Liturg	Preek	Lig vir ‘n donker wêreld! **Hier is ek Here, stuur my**	Skrif **CD-Francois 5
Almal	Gebede		

Alsabe	Duet	“Wondergena’ van Jesus”	duet2
CD & MG CD & MG	Liedere	LB349: “Kom kinders besing”  [ Vuurhoutjie ]  “Here Jesus U skyn”	LB349 **
Liturg	Afkondigings		Afkondig
Hannes	Seën	S-1 (2x) “Seenbede”	**
Christo		“Kersfees is ‘n vreugdefees” (Jan de Wet)	CD-snit 10

# PREEKSKETS

## SKEPPING

In die begin was alles woens en leeg.

- Chaos.
- Moddermassa.
- En dit was pikdonker.
- Nog altyd donker.
- Nog nooit het daar 'n lig in die heelal geskyn nie.
- Geen ster.
- Geen maan.
- Geen son.
- Geen vuur.
- Geen vlam.
- Pikdonker.

En toe het God Sy eerste Woord gespreek.

- Die heel eerste Woord wat Hy ooit gesê het: Laat daar lig wees.
- En daar was lig.
- Vir die eerste keer in die geskiedenis van die kosmos.
  - was daar lig
  - Son, maan en sterre....

Die God wat ons aanbid is 'n God van die lig.

- Hy verander donker plekke in lig.
- Hy verdryf graag die donker.
- Hy laat graag Sy lig op alles val.
- Hy is 'n God wat ontbloot.
  - ...wat openbaar
  - ...wat bekendstel.
  - ...wat ontsluit

En Hy het besluit dat Sy verhaal in die lig sou afspeel.

- Hy het mense gemaak wat in die lig moet leef.
- Hy het plante gemaak dat dit moet lig kry.
- Hy het die diere gemaak om bedags, saam met die eerste lig, uit hulle skuilplekke te kom.
- Hy het 'n son gemaak en in die middel van hierdie sterrestelsel geplaas sodat die lig alle planeete kan bereik.
- Hy het vir elke planeet sy eie maan of mane gegee om ook in die nag die son se lig te weerkaats.
- Hy het miljoene en miljoene sterre gemaak om snags liggies teen die hemelruim te wees.
- Hy is 'n God van lig.

In die Ou Testament het Hy Homself dikwels met lig geopenbaar.

- Mense wat vir God gesien het, het dikwels net 'n skerp LIG gesien.
- Paulus het blind geword van hierdie skerp lig.
- Wanneer mense hierdie lig gesien het, kon hulle nie anders as om op hulle knieë neer te val en Hom te aanbid nie.
  - Die bron van alle lig.
  - Die grootste konsentrasie van lig wat 'n mens kan kry.
  - Want Hy is lig, en in Hom is daar geen duister/donker nie.

Ja, Sy verhaal sou in die lig afspeel.  
Hoe kon dit anders: Want Hy self is die lig.

## SONDEVAL

Maar op 'n dag het daar iets onverwags gebeur.

- Adam en Eva het geëet van die verbode vrug.
- Die mens het gekies om nie meer vir God te luister nie, maar vir Satan.
- Die mens het gekies om nie meer SAAM met God te werk nie, maar TEEN God.
- Die mens het in opstand gekom teen God.

En skielik het die aarde weer 'n keer donker geword.

- Dit was asof 'n wolk tussen die lig en die aarde ingeskuif het.
- Ja, dit was weer 'n keer donker.
- Iets van die chaos van die begin het teruggekom.
  - Mense sou nie meer werk vir die lekker van werk nie.
  - Hulle sou brood verdien in die sweet van hulle aangesig.
  - Hulle sou hulle hele lewe werk om te oorleef.
  - Hulle sou hulle werke verloor, en soms alles verloor.
  - Hulle sou onbillik behandel word, en ander onbillik behandel.
  - Hulle sou gaan werk as dit nog donker is en terugkom wanneer dit weer donker is.
- Vrouens sou nie meer met vreuge kinders in die wêreld bring nie.
- Hulle sou met groot moeite en pyn kinders in die wêreld bring.
- Hulle sou gestermde kinders in die wêreld bring.
- Hulle sou kinders in die wêreld bring wat teen hulle sou draai
  - Kinders wat hulle sou teleurstel en seermaak.
- Die aarde sou nie meer net groenigheid voortbring nie.
- Daar sal dorings en bossies wees.
- Dit sou moeilik wees om te oorleef.
- Daar sou te min kos wees vir al die mense.
- Daar sou misoeste wees.
- Droogtes.
- Sprinkane.
- Hael.
- En dikwels sou mense sonder kos wees.
- En die aarde sou siektes en rampe voortbring.
  - Kanker.
  - Vigs.
  - Tuberkulose
  - Parkinson.
  - Alzheimer.
  - Epilepsie.
  - Beroerte.
  - Hartaanvalle.
  - Hoë Cholestrol.

Ja, 'n stuk van die donker het teruggekom.

- Die helder lig was nou gedemp.
- Die vreugde was weg.

Vir duisende jare het mense in hierdie donkerte geleef.

- Sels gewoonnd geraak aan die donker.
- Vrede gemaak met die donker.
- In baie gevalle die donker begin geniet.

## **GOD SE PLAN**

Musiek: “Die lig kom na die wêreld”
-------------------------------------

Op ‘n dag het God besluit om weer ‘n keer in te gryp.

- Hy kon die donker nie meer verduur nie.
- Hy kon dit nie langer verduur om Sy kinders in die donker te sien nie.
- Dit het Sy hart gebreek dal hulle so moes leef.
- Want Hy is ‘n God van lig.

En daarom het Hy ‘n plan gemaak.

Hy het besluit om nie net die lig te herstel nie.

Hy sou nie net die lig terugbring in die wêreld nie.

Hy het besluit om die BRON van die lig self na die aarde te stuur.

- Die Een wat van die begin af saam met Hom was.
- Die Een wat nog altyd deel was van Homself.
- Die Een deur Wie Hy die eerste lig geskep het.
- Die Woord.
- Sy eie Seun, Jesus.

En daardie kersfeesdag het die BRON VAN ALLE LIG na die wêreld gekom.

- Sodat die wêreld nooit weer so donker sou wees nie.
- Sodat Sy kinders in die lig kan lewe.

En hoe kondig Hy Sy Seun se geboorte aan?

- Hoe sê HY vir die hele wêreld dat die LIG gekom het?
- Hy doen dit met ‘n lig bokant die stal.
- ‘n Ster wat helder skyn bokant die krip.
- En al wat hierdie ster sê: Die LIG het gekom.
- Hoe het die herders geweet van Jesus se geboorte?
- Daar het skielik ‘n helder lig in die veld geskyn. “Meteens staan daar ‘n engel van die Here by hulle, en die glans van die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn” (Luk 2:9)

Die Lig het gekom.

En wanneer die lig kom, moet die donker terugstaan.

Want LIG is altyd sterker as donker.

LIG verdryf altyd die donker.

Donker hou altyd op wanneer lig begin.

Kersfees: God se lig het in die wêreld gekom.

- En hierdie Lig skyn in elke hoekie van die wêreld.
- Dit het geskyn bokant die krip in Betlehem.
- Die Lig het geskyn bokant die herders in die veld.
- Die lig het jare later skielik in die donker tronksel geskyn waar Petrus aangehou was. (Hand 12:7)
  - En dit het tronkdeure oopgebreek.
  - Want die lig stuit vir niks.

- Hierdie lig het geskyn op Paulus se pad na Damaskus.
  - En dit het 'n rou heiden verander in 'n kind van God.
  - Die lig het sy lewe vir eens en vir altyd verander.

Ja, hierdie lig skyn ook vandag in elke tronksel.

- In elke hospitaalkamer.
- In die kamer waar iemand besig is om te sterf.
- In elke kamer van elke ouetehuis.
- Bokant elke bed in elke siekeboeg.
- In elke plakkerhuisie.
- In elke konsentrasiekamp.
- Ja in elke hoekie van hierdie wêreld.

En wanneer jy hierdie **LIG** gesien het, gloei jy soos Moses nadat Hy die **LIG** gesien het. Of jy word blind, soos Paulus.

- Want niemand kan die lig sien en dieselfde bly nie.
- Jy moet verander.
- Jy word verander.
- Of jy vlug vir die res van jou lewe wag van die lig af.

### **WAT DOEN DIE LIG?**

Dit versterk.  
Dit gee krag.  
Dit bemoedig.

Maar die **LIG** is ook gevaarlik.

- Dit ontbloot.
- Dit wys wie ons regtig is.
- Dit wys hoe ons regtig is.
- Dit sien raak wat ons gesindheid is.
- Wat ons motiewe is.

Jy kan niks vir die **LIG** wegsteek nie.

'N Mens kan niks in die **LIG** wegsteek nie.

- Daarom is die **LIG** gevaarlik.
- Kersfees sê: Hierdie lig het gekom.
- God se Seun het gekom - om lig te maak in hierdie donker wêreld.

### **WAT KAN EK DOEN?**

Elkeen van ons moet 'n **LIGDRAER** wees.

- Ons moenie net in die **LIG** lewe nie.
- Ons moenie net die **LIG** geniet nie.
- Ons moet ook die **LIG** verder uitdra.

Jesus sê: Julle is (nou) die **LIG** vir die wêreld.

- 'n Mens sit tog nie 'n Lig onder 'n maatemmer nie.
- Jy sit dit op 'n stander - en dit maak lig vir almal.
- Julle is 'n stad op 'n berg.
- Van ver af sien mense julle en weet of hulle op koers is - of nie op koers is nie.
- Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke sien en julle Vader wat in die

- hemel is verheerlik.
- Toe het ek Iemand hoor vra: Wie kan Ek stuur. En ek het geantwoord: Hier is Ek - stuur my!

Die Bybel begin met 'n prentjie van 'n aarde wat woens en leeg was.

- En dit was pikdonker.

Die Bybel sluit af met 'n prentjie van die Nuwe Jerusalem.

- En dit was helder verlig.
- “Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde bring hulle geskenke daarheen. Die poorte van die stad word gedurende die hele dag nooit gesluit nie; daar sal nie meer nag wees nie.”

Musiek: Francois Botha

## **TEN SLOTTE**

Verhaal: Max Lucado

Wyl buite helder die sterre skyn  
in 'n krip is gebore 'n Kindjie klein  
Herders bring van ver hul eer  
sy moeder streef Sy handjie teer

Sy ken nie sy doel, sy pyn, sy lot  
hierdie kindjie hierdie baba die Seun van God  
vir haar is hy haar kindjie net  
die seun van maria nooi van nasaret

skielik word die nag verlig  
engele daal daar neer  
hul besing die lof van jesus saam  
aan god bring hul die eer

halleluja, loof die heer  
halleluja prys sy naam  
hemelsvreugde hemelslot  
prys sy lewe heilig naam

wyl die son se strale skielik kwyn  
aan 'n kruis hang 'n man deurtrek met pyn  
sy moeder staan verslae verward  
haar gesig vertrek van helse smart

nou ken sy die dood, die pyn die lot  
van haar kind haar seun die seun van god  
tog is hy nog haar kindjie net  
die seun van maria nooi van nasaret

skielik word die nag verlig  
engele daal daar neer  
hul besing die lof van jesus saam  
aan god bring hul die eer.

halleluja, loof die heer  
halleluja prys sy naam  
hemelsvreugde hemelslot  
prys sy lewe heilig naam